Laerskool Lynnwood
Hoop • Glo • Dien

# LYNNIES BEELD

ONS EIE WEEKLIKSE NUUSBLAD

www.lynnwoodlaer.co.za
Tel: 012 348 1306 / 012 348 8894 | admin@lynnwoodlaer.co.za | Posbus 74929, Lynnwoodrif, 0040

Kwartaal 3: Nommer 3 – 8 Augustus 2025

## REVUE 2025



### Ons herleef die Revue . . . .




Die revue was 'n absolute hoogtepunt en op die foto's so mooi vasgelê. Mens sien die genot en vreugde en lekkerte op die kinders se gesiggies.

## AKADEMIE

### DigiKuns

Die graad 7 leerders en personeel het vir die beste graad 6 kunswerke gestem. Die top 10 leerders is ingeskryf vir ATKV DigiKuns kompetisie. Die volgende leerders ontvang hul sertifikate.

Die uitslae was as volg:

Dzuni Mabaza = A
Esmé Booysen = B+
Sanri Opperman = B+
Kiana Viviers = B+
Hila de Vos = B+
Iva Thirion = B
Kadine de Beer = B
Lily Small = B
Isabella Ebersohn = B

Baie geluk.



### NUMERACY CHALLENGE

Ons graad 3 leerders het deelgeneem aan die jaarlikse "Numeracy challenge" wat deur die Departement van Onderwys aangebied word. Ons is baie trots op ons Lynnie maats wat so goed presteer het.
Morné Dippenaar en Clara Pautz is graadwenners en dring deur om op Clustervlak te gaan deelneem.
Baie sterkte Lynnies.




### SUPER 6 AKADEMIESE UITDAGING

Twaalf van ons leerders het op 1 Augustus 2025 aan die Super 6 Akademiese uitdaging te Hoërskool Menlopark deelgeneem:
**Lynnies se blou span**: Leann Ball, Mieke Snyman, Elisna van Wyk, Jean Prinsloo, Hannes Kruger en Cullen Naudé

**Lynnwood se rooi span**: Elrie Leuschner, Megan du Plessis, Isabella Ebersohn, Ethan Rautenbach, Frans du Toit en Malan Blignault.

Die fokus het gerus op die boustene van 'n suksesvolle samelewing: die tale, Wiskunde, Wetenskap, leierskap en innoverende denke.

Die leerders het hul uitstekend van hul taak gekwyt. Hulle was puik ambassadeurs vir Laerskool Lynnwood. Ons is baie trots op elkeen van hulle.

**Ons is baie opgewonde om aan te kondig dat Lynnies se blou span as die algehele SUPER 6 kampioene gekroon is.**

Dit is voorwaar 'n PUIK prestasie en ons is **SUPER** trots op hulle.













## OUERLEIDING

### OM TE KAN GEE

*"It is in your hands to create a better world for all who live in it".* Nelson Mandela




Ons moet omgeeharte by kinders kweek omdat dit die regte ding is om te doen.

Wanneer kinders empatie met ander het of verantwoordelikheid vir ander neem, sal hulle self waarskynlik gelukkiger en meer suksesvol wees. Hulle sal ook beter verhoudings met ander mense hê, wat 'n belangrike bestandeel van geluk is.

In die hedendaagse werkplek hang sukses dikwels daarvan af of jy doeltreffend met ander kan saamwerk. Net so is kinders wat empaties is en 'n gesonde sosiale ingesteldheid het beter medewerkers. Emosionele intelligensie speel 'n belangrike rol in vandag se samelewing.

Riglyne om jou te help om kinders groot te maak wat met empatie, respek en 'n omgeehart leef:

- Ontwikkel 'n omgee verhouding met jou kind.
- Wees 'n omgee rolmodel vir jou kind.
- Maak omgee 'n prioriteit en stel hoë etiese verwagtinge.
- Gee jou kinders die geleentheid om omgee en dankbaarheid in te oefen.
- Leer jou kind om eties te dink en positiewe veranderinge in hul gemeenskappe teweeg te bring.
- Help jou kinders om selfbeheersing te ontwikkel en hul gevoelens doeltreffend te bestuur.
- Maak jou kind bewus van hul voorregte en dat almal nie dieselfde voorregte het nie.

Dankie aan ons Lynnies Naskool ouers en kinders wat mildelik warm klere en komberse geskenk het tydens die vakansie, om op Mandela dag 'n verskil te maak vir 120 minder bevoorregte kinders in Eersterust.

## DAGBESTUUR

Die Dagbestuur se 2de opleiding het hul werklik 'touwys' gemaak. Mnr. Bert Wiltz van die Soetdoring Voortrekker kommando het hul kom leer hoe om toue korrek te knoop, los te maak, rigting in die vreemde te bepaal en Noord te vind.

Belangrike vaardighede om vir altyd te onthou!







# SPORT

## BERGFIETS

Op Saterdag, 2 Augustus 2025 het leerders van Graad R tot 7 deelgeneem aan 'n opwindende bergfiets wedren by Riversands Farm Village. Die roete was vol uitdagings, maar die jong fietsryers het dit met entoesiasme en deursettingsvermoë aangepak. Die dag was gevul met pret, moed en 'n goeie dosis sportmansgees. Ouers en onderwysers het langs die baan gestaan om hul leerders aan te moedig, en almal het trots gevoel oor hul prestasie. Dit was beslis 'n dag om te onthou!




Baie geluk aan Xander Parsons wat 2de plek behaal het en Charlie van Rensburg wat 3de plek behaal het in die SDub Nipper afdeling.




## KRIEKET

Lynnwood het hierdie week teen Laerskool Menlopark gespeel en slegs 1 wedstryd verloor. Ons speel volgende week Liga teen Laerskool Elarduspark.

<u>Volgende week se bepalings</u>:

| | | |
|---|---|---|
| Maandag 11 Augustus 14:00 | o/13B vs Elarduspark o/13B | AttSport A |
| Maandag 11 Augustus 14:00 | o/12C vs Elarduspark o/12B | Old Boys B |
| | | |
| Dinsdag 12 Augustus 14:00 | o/13A vs Elarduspark o/13A | Lynnwood |
| Dinsdag 12 Augustus 14:00 | o/12A vs Elarduspark o/12A | Elarduspark |
| Dinsdag 12 Augustus 14:00 | o/12B vs Elarduspark o/12B | Old Boys B |
| Dinsdag 12 Augustus 14:00 | o/8 Groen vs Anton v Wouw o/8 | Anton v Wouw |
| | | |
| Woensdag 13 Augustus 14:00 | o/9A vs Elarduspark o/9A | Lynnwood |
| Woensdag 13 Augustus 14:00 | o/9B vs Elarduspark o/9B | Elarduspark |
| Woensdag 13 Augustus 14:00 | o/9C vs Elarduspark o/9C | AttSport A |
| Woensdag 13 Augustus 14:00 | o/8 Witt vs Anton v Wouw o/8 | Old Boys B |
| Woensdag 13 Augustus 14:00 | o/8 Blou vs Wonderboom o/8 | Sinoville Club |
| Woensdag 13 Augustus 17:45 | o/7 Bev Krieket | Lynnwood |
| Woensdag 13 Augustus 17:45 | o/6 Bev Krieket | Lynnwood |
| | | |
| Donderdag 14 Augustus 14:00 | o/11A vs Elarduspark | Lynnwood |
| Donderdag 14 Augustus 14:00 | o/0A vs Elarduspark | Elarduspark |
| Donderdag 14 Augustus 14:00 | o/10C vs Elarduspark | Old Boys B |
| Donderdag 14 Augustus 14:00 | o/8 Rooi vs Wonderboom o/8 | Sinoville Club |
| | | |
| Vrydag 15 Augustus 11:30 | Lynnwood Krieket Gholfdag | Wingate CC |
| Vrydag 15 Augustus 14:00 | o/8 Geel vs Elarduspark o/8 | Sinoville Club |
| Vrydag 15 Augustus 14:00 | o/8 Oranje vs Elarduspark o/8 | Sinoville Club |
| Vrydag 15 Augustus 14:00 | o/11B vs Elarduspark o/11B | Lynnwood |
| Vrydag 15 Augustus 14:00 | o/11C vs Ekarduspark o/11C | AttSport A |
| Vrydag 15 Augustus 14:00 | o/10B vs Elarduspark o/10B | Old Boys B |
| Vrydag 15 Augustus 18:00 | 3de Span vs Boerefort 1stes | Lynnwood |

## LANDLOOP

Die tweede skole landloop liga het op Vrydag, 1 Augustus 2025, te Laerskool Vissershoek plaasgevind. Lynnies het 44 atlete gehad wat deelgeneem het. Baie geluk aan elke Lynnie wat hul wedlope kafgedraf het. Hier volg die uitslae van skole-liga 2.

| Dogters o/8 (1 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | **Plek** |
| Isabelle | Barnard | 12 |
| Lika | Pienaar | 14 |
| Caley | Lubbe | 15 |
| Cara | Booysen | 22 |
| Mia | Grobbelaar | 102 |
| Carli | Fourie | 104 |
| Lisa | Boshoff | 113 |
| Ava | Pieterse | 115 |
| Alex | Minty | 116 |

| Dogters o/9 (2 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | **Plek** |
| Elizabeth | De Beer | 8 |
| Charlotte | Oelofsen | 11 |
| Lua | Snyman | 15 |

| Dogters o/10 (2 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | |
| Lynicke | Pienaar | 3 |
| Lemay | Van der Westhuizen | 5 |
| Lianka | Palm | 14 |
| Minay | Boshoff | 34 |
| Miané | Naude | 63 |

| Dogters o/11 (3 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | |
| Zanelle | Geertsema | 12 |
| Pepenene | Rea-Leboha | 19 |

| Dogters o/12 (3 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | |
| Anjuné | Palm | 26 |
| Lanike | Parsons | 86 |

| Dogters o/13 (3 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | |
| Tharien | Van Dyk | 20 |
| Hape | Pepenene | 21 |
| Jana | De Kock | 36 |
| Kara | Breed | 37 |

| Seuns o/8 (1 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | **Plek** |
| Ansius-Dawid | Vermeulen | 27 |
| JJ | van der Westhuizen | 43 |
| Jan | Van Zyl | 50 |
| Liam | Steyn | 51 |
| Hugo | Slabbert | 69 |
| Kobus | Prinsloo | 78 |
| Nico | Barnard | 90 |
| Johannes | Moolman | 93 |
| Noah | Steyn | 149 |

| Seuns o/9 (2 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | **Plek** |
| Francois | Van Dyk | 13 |
| Rikus | Geertsema | 31 |

| Seuns o/10 (2 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | |
| Wian | Slabbert | 18 |
| MJ | Prinsloo | 61 |

| Seuns o/11 (3 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | |
| Matthew | Gavin | 5 |
| Eli | Ruyter | 40 |
| Arren | Hudd | 58 |
| Jean | Roux | 58 |
| Gustav | Van Rooijen | 182 |

| Seuns o/13 (4 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | |
| Kyle | Hudd | 41 |






# BUITE-KURRIKULÊRE PRESTASIE

**TUIMEL**

Fredri Uys het die afgelope naweek aan die Noord-Gauteng Tuimel kampioenskappe deelgeneem.
Sy het 'n eerste plek behaal in haar Level 6 tuimel roetines en verwerf ook haar Noord-Gauteng klere in Tuimel.
Trots op jou Fredri!



# KRIEKET AKADEMIE: GHOLFDAG




## Bespreek hier skakel:

https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSfHy17zE6LkzbBwo4yOhDBs6oDlCElHFbWkbHCWm6A1bANzxg/viewform?usp=header

# KULTUUR

**REDENAARS**

Baie geluk aan die volgende redenaars met hul skitterende uitslae!

**Individuele Redenaars:**

Eike Bosch in Graad 3 het 'n A behaal by Kansvatters! Sy behaal 'n A by Pretoria Eisteddfod asook 'n A+ by Oppie tong Af.
Danru Bosch in Graad 5 dring deur na die semi-finale by Kansvatters! Hy behaal 'n A+ by Pretoria Eisteddfod en 'n A+ by Oppie tong Af.

**Spanredenaars:**

**Graad 1:**
Stian van Wyngaard, Heinrich van der Vyver, Milla Grové en Ameli Waggenaar se span is aangewys as die Graad 1 item wenners by die Con Spirito kompetisie.

**Graad 2:**
Richter Maritz, Lian Eksteen, Wouter Rothman en Kayden Willis se span is aangewys as die Graad 2 item wenners by die Con Spirito kompetisie.
Nika Stander, Isabella Krüger, Emily Strydom en Isabella Schoeman se span is aangewys as die Graad 2 item wenners by die Con Spirito kompetisie.

**Graad 3:**
Pierre Fourie, Hansie Olmesdahl, James Slabbert en Jayden Delport is aangewys as item wenners en is deur na die Con Spirito finaal.
Zahn Potgieter, Charlotte Oelofsen, Ivan du Toit en Justin Vlotman se span het eerste plek behaal in Gauteng en is deur na die nasionale Radikale Redenaars finaal.

**Graad 4**:
Mienke Gremels, David McKechnie, Lynicke Pienaar en Cara Swanepoel is deur na die nasionale finaal in Radikale Redenaars.
Nienke van Wyngaard, Minay Boshoff, Vivier Niehaus en Keanan Naudé se span is deur na die finale rondte vir die Con Spirito kompetisie.
Sharné Pretorius, Alicia Schoeman, Olivia Oppeman en Calyn van Staden se span is aangewys as Graad 4 item wenners by Con Spirito.

**Graad 5:**
Melanje Maasdorp, Lumé Botha, Noah Heyns en Benjamin Ströhfeldt se span is aangewys as die Graad 5 item wenners by die Con Spirito kompetisie.

**Graad 7:**
Emke Pieterse, Lisa Botha, Ayva Potgieter en Kara Breedt het eerste plek in Gauteng behaal en is deur na die finale Radikale Redenaars rondte.



Indien u nie op die redenaarsgroep is nie gebruik die volgende skakel daarvoor. Let wel: Spanredenaars-lede moet ook op die redenaargroep wees.
https://chat.whatsapp.com/Giv7v6DW7Pv58QG2TrQDJ8

**<u>Redenaargedagte vir die week</u>**:
*"Success is related to faith. Faith comes first".*
Andrea Bocelli

## SKOOLKWARTALE EN VAKANSIEDAE

**2025**
<u>Kwartaal 3</u>: 22 Julie tot 3 Oktober
Woensdag, 24 September: Publieke vakansiedag (Erfenisdag)
<u>Kwartaal 4</u>: 13 Oktober tot 10 Desember

**2026**
<u>Kwartaal 1</u>:14 Januarie tot 27 Maart
<u>Kwartaal 2</u>: 8 April tot 26 Junie
<u>Kwartaal 3</u>: 21 Julie tot 23 September
Kwartaal 4: 6 Oktober tot 9 Desember

## PERSONEELVERJAARSDAE

**AUGUSTUS**

| | |
|---|---|
| 8 | Chanté du Plessis (o/w) |
| 14 | Petrecia Mali (pre-prim ass) en Marlenique Blom (naskool) |
| 16 | Zanele Matchebe (alg. ass) |
| 17 | Almari Munik (naskool) |
| 21 | Lisa van Rooyen (o/w ass) |
| 25 | Estie Krause (naskool) |
| 31 | Nettie Steyn (pre-prim) |

## LYNNIES BIDGROEP




<u>BID VIR LYNNIES</u>
Woensdae 07:25 voor die hoofhek, of in juffrou Ilsé se kantoor.
Kontak Anlia 082 927 1020

**<u>Steve Stolk</u>**
**UITVOERENDE HOOF**


gro
Leonie du Preez
Life Coach
082 718 7052
leonie@grolife.co.za
www.grolife.co.za


Groot Boks Groot Idees
BIG BOX
Omskep Groot Pret
bigbox.co.za 0861 44 74 74


GRUB house
Burgers, Pizza, Wings, Shakes and more...
come get messy! with the GRUBhouse Family!
www.grubhouse.co.za